higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N660**(A)**(N19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INKOMSTEBELASTING N6

(4010206)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INKOMSTEBELASTING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'Toegeval aan' ('Accrued to') beteken 'n belastingbetaler is op 'n bedrag geregtig.

1.1.2 Direkte belasting word betaal op die inkomste wat 'n persoon verdien.

1.1.3 'n Proporsionele belastingkoers word opgelê sodat die belastingkoers vasgestel is.

1.1.4 Suid-Afrikaanse dividende wat deur 'n nie-inwoner verdien word, sal van die bruto inkomste uitgesluit word.

1.1.5 Suid-Afrikaanse dividende wat deur 'n Suid-Afrikaanse inwoner verdien word, sal van die belastingbetaler se bruto inkomste vrygestel word.

1.1.6 Die belastingjaar vir individue is vanaf 1 Januarie tot 31 Desember elke jaar.

(6 × 2) (12)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4.) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die begrotingsrede word gelewer …

A deur die SAID-kommissaris.
B aan die Parlement.
C deur die minister van finansies.
D Beide B en C

1.2.2 Om enige boetes of rente op laat betalings te verhoed, moet die eerste voorlopige belastingbetaling op of voor ... gemaak word.

A 31 Augustus 2017
B 30 September 2016
C 31 Augustus 2016
D 28 Februarie 2017

1.2.3 Direkte belasting sluit in …

A BTW.
B belasting op tabak en alkohol.
C boedelbelasting.
D Geen van bogenoemde nie

Kopiereg voorbehou

1.2.4 Die begrotingsrede word in ... gelewer.

A Julie
B April
C Februarie
D Maart

(4 × 2) (8)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

Mnr. Jabu (66) is binne gemeenskap van goedere getroud. Hy is 'n voorlopige belastingbetaler wat die betaling van sy voorlopige inkomstebelasting so lank moontlik wil uitstel sonder om die risiko te loop van enige boetes.

Hy verskaf die volgende inligting gedurende die jaar:

2016 geassesseerde belasbare inkomste/basiese bedrag	R245 000
Mnr. Jabu se beraamde jaarlikse inkomste vir 2017 op 31 Julie	R280 000
Beraamde jaarlikse inkomste teen jaareinde deur die belastingpraktisyn	R270 000
LBS betaal vir die eerste ses maande	R14 000
LBS betaal vir die hele jaar	R28 000

Gebruik die gegewe inligting om die 2016/2017 voorlopige belastingbetalings te bereken wat deur mnr. Jabu verskuldig is. Dui die betaaldatums en vorms aan wat vir elke betaling gebruik moet word. **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Francis is 42 jaar oud en binne gemeenskap van goedere getroud. Hy het drie kinders en behoort aan 'n mediese fonds.

Salaris vir 'n jaar (16 000 per maand)	
Bydrae tot pensioenfonds (R2 500 per maand)	
Bonus	R18 000
Huurinkomste	R45 000
Verkoop van ou skootrekenaar	R1 500
Rente op belastingvrye belegging	R30 000
Verjaarsdaggeskenk vanaf suster	R2 000
Bonus	R18 000
Bydrae tot mediese fonds (volle jaar)	R60 000
Kwalifiserende mediese uitgawes	R15 000

Gebruik die gegewe inligting om Francis se belasbare inkomste te bereken vir die jaar geëindig op 28/02/2017. Wys duidelik die berekening van mediese belastingkrediete. (25)

3.2 Tom verdien 'n salaris van R280 000 per jaar wat 'n 10% verhoging vanaf verlede jaar is. Sy maatskappy voorsien hom van 'n ten volle gemeubileerde sesslaapkamerhuis.

Bepaal Tom se belasbare byvoordele vir die jaar geëindig op 28/02/2017 op die behuisingstoelaag wat hy van sy werkgewer ontvang. (5)

[30]

VRAAG 4

Josephina is 50 jaar oud en ongetroud. Sy het een seun wat in graad 8 is.

Gebruik die volgende inligting om haar belastingaanspreeklikheid vir die assesseringsjaar wat eindig op 28/02/2017 te bepaal.

	RAND
Salaris	**800 000**
Kommissie	20 000
Rente op belegging	15 000
Rente op belastingvrye belegging	3 500
Behuisingsubsidie	10 000
Verjaarsdaggeskenk vanaf kollega	2 100
Uniformtoelaag – duidelik onderskeibaar (R1 200 per maand)	
Huurinkomste	3 200
Tariewe op belasting op huureiendom	800
WVF-voordele vir drie maande	12 000
Lotto-wenkaartjie	35 000
Buitelandse dividende	2 000
Buitelandse rente	1 500
Beurs vir haar kind – ontvang vanaf werkgewer	2 000
Skenking aan NRO – 'n kwitansie is ontvang	10 000
Bydrae tot pensioenfonds	28 000
Bydrae tot mediese fonds (R2 400 per maand)	
Kwalifiserende mediese uitgawes	15 000
LBS teruggehou deur die werkgewer gedurende die jaar	125 686

[50]

VRAAG 5

Jabu en Lisa besit 'n kleinbesigheidskorporasie (Jabulisa BK) vir belastingdoeleindes.

Hulle het die volgende inligting verskaf vir die berekening van die belasting wat deur die BK betaal moet word vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2017.

BESIGHEIDSINKOMSTE	**RAND**
Verkope: Kontant (BTW ingesluit) Krediet (BTW ingesluit)	1 083 000 855 000
Rente verdien	60 000
BTW ingevorder	100 000
Afslag ontvang	15 000
Slegte skuld verhaal: Handels- en ander debiteure Lening aan voormalige werknemer	10 000 5 000
Wins op verkoop van 'n bate	55 000
BESIGHEIDSUITGAWES	
Salarisse: Jabu Lisa	140 000 160 000
Aankope	80 000
Huur betaal	15 000
Slegte skuld: Handels- en ander debiteure Lening aan Jabu se vriend	4 500 2 500
Advertensie in plaaslike koerante Advertensie op radiostasie	1 500 3 000
Telefoon: 60% besigheid en 40% privaat	1 200
Regsuitgawes: Koste om nuwe huurkontrak te laat opstel Koste om lening van voormalige werknemer te verhaal	8 000 2 000
Skenking – 'n Seksie 18A-sertifikaat is ontvang	10 000
Bydrae tot WVF	9 000
Mediese uitgawes: Werkers	3 000

[40]

VRAAG 6

Die volgende inligting is deur Boer Brown (65) verskaf. Hy is binne gemeenskap van goedere getroud en het op 27 Februarie 2017 afgetree.

Hy het die volgende inligting vir die 2017-belastingjaar verskaf:

BOERDERY-INKOMSTE	**RAND**
Verkoop van produkte	900 000
Rente op belegging	8 000
Verhuring van 'n gedeelte van die plaashuis	5 000
Onttrekking uit spaarrekening	2 000
Salaris as lektor by 'n landboukollege	960 000
LBS wat deur landboukollege op salaris teruggehou is	184 000
BOERDERY-UITGAWES	
Vrugtebome gekoop	800 000
Lone betaal	20 000
Nuwe trekker (gekoop op 1 Junie 2016)	500 000
Koste om nuwe dam te bou	60 000
Herstelwerk aan plaashuis	5 000
Voorkoming van gronderosie	20 000
Nuwe heining opgerig	50 000
Skape gekoop	14 000
Elektrisiteitsverbinding	1 400
Onkruiduitroeiing	15 000
Vrugte geneem vir eie gebruik	500
Werkerslone vir nuwe dam	15 000
Ander inligting	
Voorraad op hande: 28/02/2017 Vrugte in boorde Vrugte in die pakhuis	 20 000 35 000
Geassesseerde verlies uit boerdery: 2016	50 000
Boer Brown het die volgende ontvang tydens aftrede: Lompsom van die voorsieningsfonds Geakkumuleerde verlofbetaling Bonus van die landboukollege	 930 000 15 000 75 000

Bepaal watter van hierdie uitgawes/inkomste word as boerderyinkomste/uitgawes of as KOU ('CDE') beskou deur die toepaslike bedrae vir elke item aan te dui vir die assesseringsjaar wat op 28/02/2017 geëindig het. **[40]**

TOTAAL AFDELING B: 180
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

BELASTINGTARIEWE BETAALBAAR VIR DIE ASSESSERINGSJAAR GEËINDIG OP 28 FEBRUARIE 2017

BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGTARIEWE	RAND
0–188 000	18% van belasbare inkomste	
188 001–293 600	33 840 + 26% van belasbare inkomste hier bo	188 000
293 601–406 400	61 296 + 31% van belasbare inkomste hier bo	293 600
406 401–550 100	96 264 + 36% van belasbare inkomste hier bo	406 400
550 101–701 300	147 996 + 39% van belasbare inkomste hier bo	550 100
701 301 en hoër	206 964 + 41% van belasbare inkomste hier bo	701 300

KORTINGS

Primêre	R13 500
Sekondêre (persone 65 en ouer)	R7 407
Tersiêre (persone 75 en ouer)	R2 466

INKOMSTEBELASTING: KLEINBESIGHEIDSKORPORASIE

BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGTARIEF	RAND
0–75 000	0% van belasbare inkomste	
75 001–365 000	7% van belasbare inkomste hier bo	75 000
365 001–550 000	20 300 + 21% van belasbare inkomste hier bo	365 000
550 001 en hoër	59 150 + 28% van belasbare inkomste hier bo	550 000

AFTREDE LOMPSOMVOORDELE

BELASBARE INKOMSTE (R)	BELASTINGTARIEF (R)	RAND
0–25 000	0% van belasbare inkomste	
25 001–660 000	18% van belasbare inkomste hier bo	25 000
660 001–990 00	114 300 + 27% van belasbare inkomste hier bo	660 000
990 001 en hoër	203 400 + 36% van belasbare inkomste hier bo	990 000

Kopiereg voorbehou